

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 34:1-7; HOUGLIED 8:8-9

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 34:2

Dina – die gevalle dogter

Die enigste meisiekind tussen 12 broers. Jakob se enigste dogter, Lea se sewende en jongste kind. Dina (oordeel of veroordeel) was toe 15 jaar oud. In ons kerk-wees sou sy al amper belydenis van geloof kon aflê, maar dinge het anders verloop. Dit klink soos 'n straatverhaal iewers in Suid-Afrika waar kinders, in meeste gevalle meisiekinders, aangeval, ontvoer en in baie gevalle verkrag word.

Was Dina 'n verveelde, verwende, plattelandse tiener wat maar net bietjie wou gaan kyk hoe lyk dit in die stad Sigem wat sy nie ken nie? Haar pa het nou maar onlangs hier naby sy grond bekom. Sy het dan nie maats nie, net 'n span broers wat in elk geval so 'n ontluikende suster nie altyd “verstaan” nie. Soos Bavinck op 'n keer gesê het: 'n vrou moet bekoor, sy kan nie anders nie. Sy wil ook vriendinne hê, wil ook sien en gesien word. Die Joodse meisie wat bietjie met die ander tieners wil gaan uithang, ja, die Joodjie gee nie om dat hulle na wie toe sy gaan, Kanaänities is nie?!

Haar pa het haar ook nie behoorlik gewaarsku nie, want hulle familie het maar weer groter moeilikhede gehad in plaas van om behoorlik aandag aan die opvoeding van hulle kinders te gee. Jakob en Esau se spanning, Jakob raak in konflik met sy skoonpa, om nie te praat van die spanning tussen Jakob se vroue, Lea en Ragel nie, altyd nog weer nuwe moeilikheid.

Dit was vir die kinders moeilik om tussen al hierdie spanninge die regte weg te ken. Om dan die regte weg te vind, is nog moeiliker. Dina beland nie net op die verkeerde weg nie, die meisiekind beland in die hande van 'n verkeerde man, die seun van die stadsleier van Sigem.

Sy word deel van die Bybel se verkragtingstatistieke, wat die mens in sy naaktheid, sy boosheid, sy hartstogtelike liefde vir die kwaad na vore bring (vgl. ook 2 Sam. 13:14-15). God se Woord is so eerlik oor hoe boos die mens is, dat geen mens van nature kan verstaan wat liefde is en hoe liefde maak nie. Haar “verkragter” het haar agterna werklik liefgekry, maar is dit ware liefde?! Haar broers het die “liefde” met 'n totale haat tegemoet getree, dit deur die misbruik van godsdienst. Is dit weer eens die verdere gebrek aan opvoeding wat so noodsaaklik is? Jakob het Dina se broers se verskriklike daad tot die laaste onthou (vgl. Gen. 34:30, 31; ook 49:5-7).

Tog het Jesus Christus se soendood ook vir hierdie gesin vergewing van sondes gebring.

Sing: Psalm 36:1

Ds. PJ (Petrus) Venter (Pretoria)